# DIREKTIEWE BY MORELE KEUSES [1]

J.H. van Wyk
Departement Etiek
Hammanskraalse Teologiese Skool
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

**Abstract**

*In a modern and complex society Christians are continually confronted by the problem of taking moral decisions. In this article the question is posed how the Christians decision should take shape against the ever changing background of this society, discerning God's will under these circumstances. Taking these questions into account, the author of this article suggests that at least twelve directives should be considered: presuppositions, motives, norms, aims, means, methods, cases, results, considerations, prayer, (individual) choice and joint decision. The conclusion arrived at is that these directives do not function in isolation - they function interrelatedly, depend on and have an effect on one another.*

## 1. INLEIDING

Wanneer oor die vraag na *morele besluitneming* vanuit Christelike perspektief besin word, kan dit op niks anders neerkom nie as om die vraag te probeer beantwoord hoe die *wil van God* vir die wisselende lewensomstandighede geken en gehoorsaam kan word. In die Christelike lewe gaan dit daaroor om "tot volle kennis" van die wil van God te kom (Kol.1:9); om, deur ervaring geoefen, "tussen goed en kwaad te onderskei" (Heb. 5:12); om die dinge "te onderskei waar dit werklik op aankom" (Rom. 2:18; Fil. 1:10); ja, om nie aan hierdie sondige wêreld gelyk te word nie, maar om deur God verander te word deur die vernuwing van denke, want eers dan sal ons "kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is" (Rom. 12:2).

Maar hoe is dit alles konkreet haalbaar in die wisselende lewensituasies van die twintigste eeu? Ons het vandag tog met morele vraagstukke te doen wat in die Bybelse tye volledig onbekend was? Hoe weet ons wat die wil van God is ten opsigte van kunsmatige inseminasie, proefbuisbabas, klonering, orgaanoorplantings, menseregte, rewolusie en kernoorlog? Bied die Bybel hieroor enige lig? Indien wel, watter lig? Is die Bybel die enigste bron of moet daar ook ander bronne aangeboor word? Indien

[1] Uitgewerkte teks van 'n voordrag op 6 Desember 1989 in Bulawayo gelewer tydens 'n konferensie van die *Association of Evangelicals of Africa and Madagascar.*

wel, watter? En wat is die gesag van hierdie ander bronne, veral in vergelyking met die Bybel? Mag hulle deurslaggewend wees?

Samevattend, hoe kan ons die wil van God *vandag*, vir *ons*, vir *my*, ontdek wanneer 'n belangrike morele keuse gemaak moet word? Watter direktiewe en determinante behoort hier ter sprake te kom?

In wat volg, gaan 'n poging aangewend word om 'n aantal van die belangrikste van hierdie direktiewe aan die orde te stel en toe te lig (vgl. Holmes, 1984:49-56; Brown, 1980; Gustafson, 1968; Higgenson, 1988; Hugh, 1985 en meer breedvoerig, Maguire, 1978). Ek beklemtoon graag dat hierdie direktiewe nie van mekaar geïsoleer mag word nie maar in wisselwerking met mekaar verstaan moet word (Gustafson, 1981:-330). Hulle funksioneer in 'n groot mate soos die speke in 'n wiel - waarmee natuurlik nié gesê is dat al die speke ewe belangrik is nie.

Wat ter sprake gaan kom, is nie stappe wat volgens 'n logiese sisteem een na die ander gevolg moet word voordat tot 'n morele keuse gekom kan word nie (ofskoon daar 'n mate van logika in die behandeling verskuil lê), maar dit is direktiewe wat in die polsslag van die lewe soms oormekaar val en in wisselende volgorde hulleself aanmeld en opdring.

Aan alle direktiewe word ook nie ewe veel aandag bestee nie.

## 2. DIREKTIEWE

### 2.1 Die voorveronderstellings

Dit is fiktiewe en foutiewe denke om daarvan uit te gaan dat 'n mens, wanneer hy 'n morele keuse moet maak, dit in reine objektiwiteit, sonder enige voorveronderstellings, uitgangspunte en oortuigings kan doen (Douma, 1980:32; Gustafson, 1981:336-338). 'n Gelowige (Christen) kan hom nie losmaak van sy geloof nie en 'n ongelowige (ateïs) ook nie van sy ongeloof nie; 'n Rooms-Katolieke Christen kan nie sy Roomse uitgangspunt verloën en 'n Protestantse Christen ook nie syne nie; en so sal 'n gereformeerde Christen oor bepaalde sake anders dink as 'n Lutherse Christen, ensovoorts. Natuurlik kan daar onder Christene 'n bepaalde konsensus oor morele vraagstukke ontwikkel en gelukkig loop die antwoorde op morele vrae nie altyd langs kerklik-konfessionele lyne nie. Dit is moontlik dat gereformeerde en Roomse

Christene oor etiese antwoorde kan saamstem, byvoorbeeld oor die afwysing van aborsie op aanvraag, en dat gereformeerde en nie-gereformeerde Protestante kan verskil, byvoorbeeld oor homoseksualisme.

Wat egter beklemtoon moet word, is dat geen teoloog en geen etikus en geen Christen hom ooit van bepaalde voorveronderstellings kan losmaak nie - en dit ook nie hoef te doen nie.

Natuurlik is daar voorveronderstellings van 'n ander - en soms gevaarliker - aard as die Christelike geloof. Ons is geprekondisioneer deur ons opvoeding, ons kultuur, ons persoonlikheid, ons posisie, ons situasie, ons ideale en selfs ons ideologieë. Dit maak nogal 'n verskil as na (swart-)mense gekyk word vanuit 'n ideologie van apartheid al dan nie. Ideologiese uitgangspunte mag nie ontken word nie, maar hulle moet bewustelik geartikuleer en onder kritiek van die Woord van God gebring word.

Die uitgangspunt in die Christelike etiek is dat dit, naas 'n hoop- en liefde-etiek, 'n *geloofsetiek* is. Hierdie uitgangspunt is onvermydelik en ook onopgeefbaar. 'n Christen wat 'n morele keuse moet maak, kan hom onmoontlik distansieer van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die mens leef en besluit *coram Deo*. Sy geloof in God na wie se beeld hy geskape is, en in Jesus Christus wat hom verlos het, en in die Heilige Gees wat sy lewe vernuwe, is van fundamentele betekenis by elke morele keuse.

Die uitgangspunt in die Christelike etiek is: "En enigiets wat 'n mens nie uit geloof (-soortuiging) doen nie, is sonde" (Rom. 14:23). Elke keuse wat nie gemaak word vanuit die geloof dat Jesus Christus (en die naaste) daarmee gedien word nie, is sonde. Dit is slegs die "goeie mens", die mens wat deur die geloof aan Christus verbind is, wat uit die oorvloed van goeie dinge in sy hart die goeie te voorskyn bring (Matt. 12:35).

## 2.2 Die gesindheid

By enige morele keuse speel die (goeie of slegte) gesindheid 'n baie belangrike rol, hoewel dit eensydig sou wees om die hele etiek in gesindheidsetiek (motivisme), soos by Kant, te laat opgaan. Goeie gesindhede alleen, hoe belangrik ook al, is nie voldoende nie, omdat goeie gesindhede gerealiseer moet word in goeie dade met goeie gevolge (vgl. Stob, 1978:32,44). Om byvoorbeeld in Suid-Afrika te pleit vir 'n verandering van gesindheid, instelling, houding en oortuiging by blankes teenoor swartes, is belangrik, maar onvoldoende, omdat gesindheidsverandering roep om struktuurverandering (Du Plessis, 1988:58).

Daar is normaalweg 'n besondere noue relasie tussen innerlike gesindheid en uiterlike optrede, hoewel dit ook moontlik is om, soos die Fariseërs, uiterlik en formeel korrek op te tree, maar met slegte motiewe (Matt. 23).

Die Bybel waarsku: "Wees versigtig met wat in jou *hart* omgaan, want dit bepaal jou hele lewe" (Spr. 4:23). In die Nuwe Testament kry ons weer die beeld van die *oog*: "As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê" (Matt. 6:22). 'n Mens se doen en late hang ten nouste saam met hoe jou hart is, wat in jou gedagtes omgaan en hoe jy na dinge kyk.

Wat dit betref, ken die Christelike etiek maar één gesindheid, en dit is die gesindheid wat daar in Jesus Christus was, naamlik van selfverloënende liefde (Fil.2:5 e.v.). Dit kan nie anders nie, omdat die *geloof* juis deur die *liefde* werk (Gal. 5:6). Ons sou ook met reg kon sê dat alles wat nie uit liefde (vir God en die naaste) gedoen word nie, sonde is. Wanneer iemand se hart vol haat is in plaas van liefde, vol selfsug in plaas van medemenslikheid, vol geldsug in plaas van mededeelsaamheid, vol magsug in plaas van diensvaardigheid, vol genotsug in plaas van offervaardigheid, kán hy eenvoudig nie iets goeds doen nie. Daarom kan Paulus sê dat selfs die beste daad wat nie uit liefde gedoen word nie, niks baat nie (1 Kor. 13:3).

Op twee verdere aspekte moet in hierdie verband nog die aandag gevestig word. Die eerste is die funksie van die *gewete* (vgl. Douma, 1980:98-106). Sowel in die Christelike as die humanistiese etiek speel die gewete by morele keuses 'n baie belangrike rol. Maar is die gewete onfeilbaar? Is dit die hoogste norm? Is die stem van die gewete, die stem in die binneste, identies met die stem van God? Ons weet dat die Bybel praat van 'n "rein" gewete (Hand. 24:16; 2 Tim. 1:3) en 'n "goeie" gewete (Hand. 23:1), maar ook van 'n "besoedelde" gewete (Tit 1:15). Die gewete is 'n stem wat aankla (Rom. 2:15), en 'n stem wat wys op afdwaling (1 Kor. 8:10). Die gewete het die sondeval nie vrygespring nie sodat dit slegs die bloed van Christus is wat ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei (Heb. 9:14).

Die stem van die gewete is nie identies met die stem van God nie, hoewel die stem van God heel dikwels in die stem van die gewete opklink en as sodanig hoog waardeer moet word. Die gewete is nie 'n onaantasbare neutrale grootheid nie, maar moet hom deur die Woord en Gees van God laat lei. Slegs binne hierdie raamwerk kan die gewete verantwoord funksioneer (2 Kor. 1:12). Daarmee is nie gesê dat alle humaniste gewetenloos is nie, inteendeel. Kragtens sy algemene goedheid handhaaf die Here God álle mense as mens, mét verstand (Luk. 16:8) én gewete (Rom. 2:14).

Dit is my oortuiging dat die rol van die gewete in geval van gewetensbesware teen militêre diensplig kwalik oorskat kan word (Van Wyk, 1984:217-221).

Hiermee is ons by die tweede aspek wat hier genoem moet word en dit is die *leiding van die Heilige Gees*. Dit is die Gees wat ons gewete reinig, ons gesindheid verander, ons denke transformeer, ja, ons innerlike vernuwe en wederbaar (Tit. 3:5,; 1 Joh. 3:9; vgl. Ef. 4:23). Sonder die innerlike transformerende werk van die Heilige Gees bly die mens toegespin in sy selfsug en hoogmoed en is hy op 'n doodlooppad. Immers, "die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede" (Rom. 8:16; vgl. Ef. 5:18). Daarom is dit volkome begryplik dat oral waar 'n lys van goeie deugde in die Skrif opgesom word, dit altyd ten nouste aan die Heilige Gees verbind word (Gal. 5:22; Ef. 5:9).

Sonder die leiding van die Heilige Gees word daar tevergeefs gesoek en gevra na die groot Waarheid, Jesus Christus, en na die kleiner waarhede wat daar van Hom oor die volle lewe uitstraal (Joh. 16:13).

Wat in die Christelike lewe nodig is, is gééstelike *volwassenheid* (1 Kor. 13:11; Ef. 4:13; Heb. 5:14) (vgl. Overduin, 1967).

## 2.3 Die norm

Een van die grootste vrae in die etiek en by morele keuses is die vraag na 'n *norm* (vgl. Duvenage, 1981:93-109; Heyns, 1989:146-154; Van der Walt, 1990:41-66). Behoort daar 'n norm te wees, en indien wel, wat is die inhoud daarvan en waar kom dit vandaan? Normlose etiek bestaan eenvoudig nie. Alle etiek is òf outonoom òf teonoom. 'n Normlose etiek verhef juis normloosheid tot norm en is daarom wesentlik 'n outonome of heteronome etiek.

In 'n Christelike benadering tot die etiek en tot morele keuses, word uitgegaan van 'n teonomie, dit wil sê dat die vraag oor hoe 'n mens moet lewe en wat hy moet kies deur Gód bepaal word. Dit gaan in die Christelike etiek om *die doen van die wil van God* (Rom. 12:2; Ef. 4:24; Kol. 1:9; Heb. 5:12 e.v.; 1 Joh. 2:17; vgl. literatuur by Van Wyk, 1986:15/37). Dit gaan daarom om "tot *volle kennis* te kan kom" van wat God se wil is (Kol. 1:9).

As ons sê dat die *wil van God* (waaroor weldra meer) die hoogste maatstaf en finale

norm is vir morele keuses, dan wys ons daarmee onmiddellik 'n aantal outonome en heteronome norme van die hand. So mag (persoonlike) *ervaring* en (kerklike) *tradisie*, hoeveel waarde dit ook op sigself sou kon hê, by morele keuses geen deurslaggewende rol speel nie. Ook mag die menslike *rede*, of sy *intuïsie*, of sy *gevoel*, of die *natuur* nie 'n deurslaggewende rol speel nie, al kan dit ook 'n bydrae lewer. In die Christelike etiek gaan dit in die eerste en laaste plek om die *wil van God*, om sy wil te *ken* en sy wil te *doen*. Nou is dit natuurlik waar dat *God* Hom ook in die *natuur* openbaar, maar dit is myns insiens 'n gevaarlike onderneming om die *wil van God* sommer so een-twee-drie uit die natuur af te lees. Daarvoor is nodig 'n "nog duideliker en meer volkome" bekendmaking (Nederlandse Geloofsbelydenis art. 2).

Maar kan ons sy wil ken? Wat die wil van God is ten opsigte van ons ewige heil, is daar nie die minste twyfel nie: glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word. Maar hoe ken ons sy wil ten opsigte van die groot en klein lewensvrae waarmee ons daagliks gekonfronteer word? Mag 'n Christen aan 'n kernoorlog deelneem? Mag 'n Christen 'n sogenaamde wit leuen vertel?

Die antwoord op die vraag waar ons die wil van God vind, is enersyds maklik, maar andersyds moeilik. Maklik, omdat Hy sy wil in sy Woord aan ons geopenbaar het. Moeilik, omdat daardie Woord nie 'n kasuïstiekregister bevat waar alle ou en nuwe morele vraagstukke bespreek en beantwoord word nie. God se wil is duidelik in sy Woord (Ps. 119:105). God se wil is duidelik in sy Tien Woorde. God se wil is duidelik in die liefdesgebod. God se wil is duidelik in die vleesgeworde Woord, Jesus Christus (Heb. 1:1), in wat hy *geleer* en *gedoen* het. Soek ons dus na 'n antwoord op 'n morele vraag, moet ons vra wat God sê. Wat sê die Woord van God? Wat sê die Tien Gebooie? Wat sê die liefdesgebod? Wat sê Jesus Christus? Eers as ons hierdie aspekte, onder leiding van die Gees, behoorlik verreken het, eers dán kan ons begin dink aan 'n antwoord.

Natuurlik is daar 'n ooreenkoms tussen ou en moderne morele vrae, vrae wat in die Skrif duidelik beantwoord word, byvoorbeeld ten opsigte van moord, egskeiding, diefstal, leuens ensovoorts. Veel moeiliker word dit egter wanneer totaal nuwe morele vrae hulle aan ons opdring, soos byvoorbeeld orgaanoorplanting. Hieroor sal ons geen direkte antwoord in die Skrif vind nie en sal dus van 'n ander soort Skrifberoep gebruik gemaak moet word as blote teksverwysings. In so 'n geval sou gewys kon word op God wat sy Seun aan ander geskenk het sodat hulle kan lewe, en dat die mens as beeld van God ook iets van hom mag skenk sodat iemand anders mag lewe (vgl. Joh.15:13). Indien spesifieke teksverwysings dus ontbreek, moet rekening gehou word met die totale struktuur van die Bybelse boodskap.

Ons het so pas van *Skrifberoep* melding gemaak, 'n saak wat vandag sonder twyfel in die sentrum van die belangstelling staan (vgl. literatuur by van Wyk, 1986:15-27; verder Gustafson, 1970; Verhey, 1984:154 e.v.; Ogletree, 1985; Hoek, 1987; Kirk, 1987; Buys, 1988). Dit sou ons te ver van ons tema wegvoer om hieraan breedvoerig aandag te gee en daarom word met enkele opmerkings volstaan. Hier moet myns insiens teen twee gevare gewaak word: enersyds teen *kritisisme*, waar die gesag en betroubaarheid van die Skrif aangetas word en dit as boek gedevalueer word tot 'n bundel geloofsoortuigings van ontslape gelowiges; andersyds teen *fundamentalisme*, waar die gesag van die Bybel wel aanvaar en bely word, maar tog in werklikheid ondermyn word vanweë 'n atomistiese en subjektivistiese Skrifhantering. Ons uitgangspunt moet wees dat ons die Bybel as gesagvolle Woord van God aanvaar, maar dat ons daarmee op hermeneuties-verantwoorde wyse sal omgaan (vgl. Van Wyk, 1986:16-17).

'n Skoolvoorbeeld van Skrifmisbruik vind ons in die versoeking van Satan dat Jesus van die tempeldak moet afspring (en selfmoord pleeg) (Matt. 4:6). God het mos beloof dat Hy sy kinders sal beskerm (Ps. 91:11-12)! Opvallend is dat Christus nie hierdie atomistiese Skrifgebruik ontmasker nie, maar eenvoudig met 'n ander relevante Skrifverwysing antwoord: "Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie" (Matt. 4:7; Deut. 6:16).

Basies is God se wil duidelik en eenvoudig (O'Donovan, 1986:261): Die mens moet in elke lewensituasie doen wat "goed en reg" is in die oë van die Here (Deut. 12:28; vgl. Jer. 22:3,16; Heb. 5:14). Die mens word opgeroep om reg te laat geskied, om liefde en trou te bewys en om bedagsaam voor God te lewe (Miga 6:8).

### 2.4 Die doel

By enige morele keuse is die doelstelling van groot betekenis, soms van oorspanne betekenis, soos blyk uit die bekende maar omstrede spreuk dat die doel die middele heilig. Hier kan ook gedink word aan die bekende doel-etieke (utilisme, hedonisme, eudaemonisme), waar alles as moreel geoorloof aanvaar word solank dit nut, genot of geluk vermeerder.

Afgesien van die onmiddellike doelwit by elke morele keuse, behoort elke keuse deur ten minste vier omvattende doelstellings begelei te word.

Eerstens die *eer van God*. Ons sou dit ook anders kon formuleer en praat van die *koninkryk van God*. Die hele Bybel is daarvan vol dat alles wat die mens doen, hy tot eer van God moet doen (Matt. 5:16; Rom. 14:8; 1 Kor. 10:31; vgl. Kol. 3:23). Die mens moet in alles God ver-*Heer*-lik, hy moet in alles God se universele *Heer*-skappy erken, hy moet in alles God se omvattende koningskap bely, dit wil sê. hy moet die koninkryk van God bely.

Uit die prediking van Jesus weet ons dat die koninkryk van God die sentrale tema van sy boodskap was (Mark. 1:14-15; Luk. 4:34; Hand. 1:3). Met die koms van Jesus Christus, met sy kruis en opstanding, en met die koms van die Heilige Gees, is die koninkryk van God op aarde (Matt. 12:28) en word mense opgeroep om hulle te bekeer en die evangelie (van die koninkryk) te glo. Mense moet hulle bekeer van die duisternis tot die lig en van die mag van Satan tot God (Hand. 26:18).

Die feit dat die koninkryk 'n werklikheid is, beteken egter nie dat dit reeds ten volle gerealiseer het nie. Die koninkryk is reeds hier, maar die voltooiing, die nuwe hemel en die nuwe aarde, waar alles reg is (2 Pet. 3:13), is nog onderweg. Die nuwe hemel en die nuwe aarde is 'n duidelike aanduiding waarheen God met ons op weg is en dui so die rigting aan waarheen ons moet lewe en oefen *nou* reeds sy invloed uit op alles wat ons doen. Soos 'n aankomende donderstorm reeds op 'n afstand sy invloed sigbaar en voelbaar laat geld, so beïnvloed die naderende koninkryk al ons dade en al ons keuses en plaas ons ganse lewe as 't ware onder hoogspanning.

Die bekende uitspraak van Jesus in Matteus 5:48 ("Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is"), sou ook vertaal kon word met: Wees julle dan doelgerig (τέλειοι) soos julle hemelse Vader doelgerig (τέλειός) is: doelgerig op die koninkryk van God en sy finale koms. Juis omdat God op weg is na die vernuwing van die aarde, weliswaar deur die oordeel heen, maar *vernuwing* is die laaste woord (Openb. 21:1), juis daarom lyk dit my moreel onverantwoord van Christene om die aarde ekologies te verniel of met 'n kernoorlog te wil vernietig.

Die tweede doelstelling is die *welsyn van die mens*, hetsy kollektief, hetsy individueel. Dit sou 'n misduiding van die Bybelse boodskap wees om so 'n doelstelling as menssentries of humanisties te tipeer. In hierdie opsig, het die Christelike etiek tereg die humanistiese etiek, waar die mens losgemaak word van God en sy ryk, afgewys. Maar daarmee is hoegenaamd nie vir 'n onmenslike of selfs anti-menslike etiek gekies nie - soos al te maklik soms in die Christelike etiek gebeur het in afweer van die humanisme. Nee, die Christelike etiek is nie humanistiese etiek nie, maar voluit

*humane* etiek. Die mens is immers geskape na die beeld van God; hy reflekteer en representeer God. Die tweede groot gebod handel juis oor naasteliefde (Mark. 12:31). In 'n sekere sin word die hele wet in mensliefde saamgevat (Matt. 7:12; Rom. 13:8,10; Gal. 5:14).

Daarom gaan dit in elke goeie keuse en elke goeie daad om die welsyn van die medemens, om dit wat "goed en nuttig" is vir hom (Tit. 3:8; vgl. 1 Kor. 6:12, 10:23). Dit is 'n drogredenasie om te meen dat hoe onmensliker dit daaraan toegaan, hoe Christeliker is 'n daad. In die Christelike etiek gaan dit, soos in die etiek van Christus, om die *welsyn* van die *mens*, sy Heil én sy heil.

En dan gaan dit om die welsyn van die individu én die samelewing, die samelewing én die individu. Dat dit in 'n gebroke werklikheid hier soms op 'n botsing van pligte kan uitloop, is begryplik - byvoorbeeld 'n keuse tussen die versorging van 'n ou moeder en die oproep tot landsverdediging. Ook begryplik is dat die eise van die samelewing soms dié van die individu kan oortref, maar dit beteken hoegenaamd nie dat die belange van die individu in alle gevalle aan dié van die samelewing opgeoffer moet word nie. Die sosiale strukture waarbinne die mens leef, moet sover moontlik 'n menslike gelaat vertoon, sodat "strukturele geweld" uitgeskakel kan word. Die strukture moet die mens dien, nie die mens die strukture nie.

'n Derde doelwit is die *bewaring van die natuur*. Dat juis dít 'n belangrike doelstelling in morele keuses moet wees, is maar pas gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu ontdek. Tog staan die opdrag van die Here hieroor reeds in die heel eerste Bybelboek: die mens moet die aarde nie net "bewerk" nie, hy moet dit ook "bewaak" (Gen. 2:15). Die aarde moet 'n "woonplek" wees (Jes. 45:18) en nie 'n vullishoop nie.

By 'n morele keuse sal, veral in Afrika-konteks vandag, onvermydelik die vraag gestel moet word of deur so 'n keuse die omgewing nie besoedel, die natuur geskend, die dierelewe bedreig en die atmosfeer (stratosfeer) bevuil word nie. Dit is lank nie meer vanselfsprekend dat bome vir ontwikkeling moet wyk, energiebronne oorbenut word, roofbou en oorbeweiding plaasvind en paaie onoordeelkundig aangelê word nie. Daarom is dit 'n morele vraag van die eerste orde of 'n Christen by projekte betrokke mag raak waarvan hy bewus is dat dit natuurvernietigend kan wees.

'n Vierde - negatiewe - doelstelling is *verset teen die bose magte*. Dit kan eenvoudig nie anders nie as dat in elke morele keuse die element van die bose, die kwade, die sondige, hom sal voordoen - en weerstaan moet word. In morele keuses moet juis tussen goed en kwaad onderskei word (Heb. 5:14; vgl. Gen. 2:17), en as vir die *goeie*

gekies word, dan moet noodwendig téén die *kwaad* standpunt ingeneem word. Die duiwel moet teengestaan word (Jak. 4:7). Die sonde moet reëlmatig afgelê word (1 Joh. 3:9).

### 2.5 Die middele

Wanneer 'n morele keuse gemaak moet word, mag nie nagelaat word om oorweging te gee aan die *middele* wat by 'n bepaalde daad aangewend behoort te word nie. Die moderne oorlogsproblematiek, veral 'n kernoorlog, het hierdie waarheid opnuut onder ons aandag gebring. Vanuit die Christelike etiek is nie enige middel moreel aanvaarbaar nie. Juis daarom moet die groot vraag gestel word of kernwapens, vanweë hulle allesvernietigende effek, nog as middels in 'n oorlog aanvaar mag word. Kernwapens vernietig juis dit wat dit beoog om te beskerm en daarom is my konklusie dat die gebruik daarvan moreel onverantwoord is - en ek sou wou byvoeg: ook die aanhou daarvan. Dit maak sin om daarvoor te pleit dat Afrika 'n kernbomvrye kontinent sal wees.

Juis die aspek van middele maak ook 'n rewolusie so problematies. Volgens die Marxisties-Leninistiese model is *alles* in 'n rewolusie geoorloof solank daarmee die saak van die kommunisme bevorder word. "Sedelik is alles wat bevordelik is vir die vernietiging van die ou uitbuitende samelewing en wat bevorderlik is vir die vereniging van die proletariaat - Ons moet elke krygslis, elke sluheid, elke onwettige metode gebruik, elke geheimhouding en elke vermomming van die waarheid", aldus Lenin (by Verkuyl, 1982:231). *Salus revolutiae suprema lex* (Plechanov). Dieselfde motief is ook by Banana (1981:45) te vind as hy opmerk dat die onderdruktes die reg het om teen die onderdrukkers op te staan en vir hul vryheid te veg "with every means at their disposal".

Hier het ons duidelik te doen met 'n doel-heilig-die-middel etiek, wat vanuit die Christelike etiek, waar die liefde, selfs vir die vyand, sentraal staan, totaal onaanvaarbaar is. 'n Marxisties-Leninisties gestruktureerde rewolusie oorskry die grense van wat as 'n "regverdige verset" beskryf sou kon word.

### 2.6 Die metode

Nie net die *feit dat* ons dinge doen nie, maar ook die *wyse waarop* dit gedoen word, is belangrik en moet in die voorbereiding tot 'n keuse betrek word. 'n Goeie saak kan

deur swak styl bederf word. "Style is an important feature of ethics, for it is possible to be correct about issues and honest in their portrayal, yet harsh, insensitive, or inept in handling them" (LeRoy Long, 1982:136, met verwysing na Maguire, 1978). 'n Goeie saak wat op verkeerde wyse hanteer word, kan maklik skipbreuk ly.

In 'n moreel-geleide pastoraat blyk oorduidelik dat in 'n geval waar 'n sondaar vermaan moet word, dit op so 'n wyse en in so 'n styl kan geskied dat dit óf 'n goeie reaksie kan uitlok óf totaal kontraproduktief kan wees. Om egter na 'n ander (sonderlinge) voorbeeld te verwys: doodstraf. Die doodstraf, vir sover dit nog moreel aanvaarbaar is, word nie (meer) deur middel van steniging, verbranding, kruisiging of onthoofding voltrek nie, maar deur middel van 'n galg of 'n elektriese stoel.

Die styl en metode van 'n moreel verantwoorde daad moet staan in die teken van die navolging van Christus (2 Pet. 2:21). Dit kan ook moeilik anders in 'n *Christelike* etiek. As iemand hieruit egter die afleiding sou maak dat daar in die Christelike etiek geen ruimte vir konflik, konfrontasie en aanstoot is nie, begaan hy 'n groot fout (vgl. Matt. 23). Selfs as genooide gas en tydens 'n noenmaal ontsien Christus nie die mens ten einde die waarheid te laat seëvier nie. As Simon, die Fariseër, uit die hoogte oor 'n slegte vrou oordeel (Luk. 7:39) maar nalaat om aan Christus die tradisionele gasvryheid te bewys (Luk. 7:44-46), dan word hy deur Christus tereggewys op 'n wyse wat uit pas is met die styl van die "Westerse beskawing".

'n Pleidooi vir 'n stylvolle optrede, is nie 'n pleidooi vir 'n sentimentalistiese optrede nie, en natuurlik ook nie vir bombasme nie. By 'n ander geleentheid het Christus toegelaat dat sy verraaier sy hand *saam* met Hom in die skottel steek (Matt. 26:23), wat ongehoord en onmanierlik is, omdat so 'n optrede van minagting en disrespek getuig.

## 2.7 Die saak

Die "saak" waaroor die keuse gaan, moet indringend ondersoek, deeglik ontleed en tot op die been oopgekloof word. Hier moet gewaak word teen elke feitevervalsing, teen elke kamoeflering van die werklikheid en teen elke verbloeming van die konkrete situasie (Gustafson, 1981: 332-334). In geval van 'n maatskappy-analise mag van enige vorm van analise gebruik gemaak word, die Marxistiese ingesluit, sonder om daarmee te kenne te gee dat dit die enigste juiste analise is. Elke analise moet op meriete geweeg word.

'n Goeie voorbeeld van waar geen feitevervalsing behoort plaas te vind nie, is in die geval van aborsie te vind. Wie eenmaal onder die indruk gekom het van die doodsworsteling van 'n ongebore baba in gevalle waar aborsie toegepas word, sal twee maal dink voordat hy aborsie op aanvraag op morele gronde aanvaar. Nog 'n voorbeeld is een uit die sosiale etiek, naamlik apartheid. Apartheid-as-ideaal (aparte volkstate volgens Europese model) mag in die rustige atmosfeer van 'n sitkamer nog vir sommige aanvaarbaar wees, maar dit breek in Suid-Afrika stukkend as gekyk word na die apartheid-as-praktyk waar oor mense gedomineer en teen hulle gediskrimineer word en hulle op hierdie wyse van hulle menswaardigheid beroof word (vgl. Wiechers, 1988; Du Plessis, 1988).

Dit is waar dat 'n "saak" soms klaarblyklik immoreel kan wees. Dat prostitusie moreel verkeerd is, vra om geen nadere ondersoek of lang betoog nie. In ander gevalle egter, soos byvoorbeeld ten opsigte van die reg tot verset en die wyse waarop die verset mag plaasvind, is die keuse veel moeiliker. Dan mag onder geen omstandighede die "saak" mooier (of leliker) voorgestel word as wat dit in werklikheid is nie, aangesien Skrifnorme wat op 'n verkeerde "saak", of 'n swak ontlede "saak", toegepas word, hulle relevansie verloor.

Situasie-etiek het tereg aandag daarvoor gevra dat elke situasie verreken moet word, maar het daarin gedwaal dat aan die situasie voorrang bo die norm verleen is. Die etiek verleen erkenning aan die situasie (*contra* kasuïsitiek) maar sonder dat die situasie alleen die uitslag van die handeling bepaal (*contra* situasie-etiek) (vgl. Heering, 1969:48).

## 2.8 Die gevolg

Teenoor 'n oordrewe aksent op 'n goeie gesindheid (Kant), word daar tans meer aandag gevra vir die gevolg, die konsekwensie, die resultaat, die afloop van 'n daad (vgl. Van Wyk, 1984:150, met verwysing na Stoker en Bonhoeffer). Wanneer die gevolge van 'n daad sou neerkom op die vernietiging van 'n individu of die verwoesting van 'n samelewing, is dit 'n ope vraag of dit ooit moreel verantwoord kan word, selfs al sou die gesindheid, motief, doel, en metode aanvaarbaar wees. Wat is byvoorbeeld die waarde van 'n kernoorlog as dit die einde van alle waardes beteken? Die gevolge van 'n kernoorlog is immers so vernietigend dat Einstein die opmerking gemaak het dat as die derde wêreldoorlog met kernwapens geveg sou word, die vierde dan met knopkieries geveg sal moet word!

Hierdie aspek kom natuurlik ook in die Skrif na vore. Die profeet Jesaja dink so realisties oor die oormag van die Assiriese leër (5:26-30) dat hy van pro-Assiriese sentiment verdink is. Die profeet Jeremia het Juda inderdaad tot onderdanigheid teenoor Babel aangeraai (27:12). En in Lukas 14:31 hoor ons van 'n wyse koning wat eers goed bereken of hy met sy 10 000 man teen 'n weermag van 20 000 kan optrek.
In Suid-Afrika is daar tans 'n hewige debat aan die gang oor die vraag na die morele regverdiging van *disinvestering* (vgl. Bloom, 1986; Ngcokovane, 1988:53-61; Esterhuyse, 1989:30-37). Voorstanders argumenteer dat dit die laaste vreedsame metode is om apartheid se rug te breek en dat swartmense in elk geval baie lyding verduur, terwyl teenstanders oordeel dat disinvestering tot gevolg het dat juis die armes die swaarste getref word en daarom moreel onaanvaarbaar is. In hierdie geval het ons nie met één nie, maar met twéé moontlik slegte gevolge te doen (apartheid én disinvestering het slegte gevolge), en in so 'n geval moet die verskillende gevolge teen mekaar opgeweeg word, mede in die lig van ander direktiewe (bv. doel).

Elke morele keuse vra inderdaad 'n berekening, veral ook van die konsekwensies wat uit so 'n keuse sou kon voortvloei. Dat hierdie aspek nie in stryd is met 'n keuse as *geloofskeuse* nie, hang daarmee saam dat die geloof nie blind of kortsigtig is nie, maar vertrouend en versiende (Heb. 11:19) en die aspek van berekening nie slu nie (Luk. 14:25-33).

Dit moet toegegee word dat nie alle gevolge van alle dade voorsienbaar en berekenbaar is nie. Ook dat nie uit vrees vir *konsekwentalisme* goeie dade nagelaat mag word nie. Wanneer die gevolge egter duidelik voorsien kan word en die gevolge vir mens en wêreld vernietigend sal wees, is dit immoreel om met so 'n aksie deur te gaan,

## 2.9 Die oorweging

'n Morele beslissing val nie sommer uit die lug nie maar is dikwels die produk van 'n lang en moeisame (denk-)proses (Birch & Rasmussen, 1989:103). Die motiewe moet ondersoek word, die norme moet oorweeg word, die doel, die middele, metode en gevolge vra aandag. Oor al hierdie dinge moet breed beraadslaag en diep nagedink word, want daar is geen goedkoop antwoord nie, daar is nie etiese kortpaaie nie. Kasuïstiek is 'n onbegaanbare weg omdat dit alle persoonlike verantwoordelikheid ontneem asook 'n ontkenning van die wisselende situasies inhou.

Hoewel die Christelike etiek elke vorm van etiese rasionalisme afwys, is dit nie gekant teen etiese rasionalisasie nie. Wat egter nodig is, is dat die menslike denke deur die

Gees van God vernuwe sal word om tussen goed en kwaad te kan onderskei (Rom. 12:2). Die sondeval het juis ontstaan deurdat die mens self wou uitmaak wat goed en kwaad is (Gen. 3).

Oor morele keuses mag en moet *geredeneer* word (Birch & Rasmussen, 1989:102). Ons moet nie alleen die *Skrif* nie maar ook ons *verstand* gebruik (Douma, 1980:56,57; vgl. Gustafson, 1981:338), of nog beter: ons moet ons verstand in die lig van die Skrif en onder leiding van die Gees gebruik. Ons mag egter nooit vergeet dat omdat ons kennis slegs "ten dele" is (1 Kor. 13:9), ook ons etiese kennis "ten dele" sal wees en dus in 'n groot mate 'n voorlopige karakter sal aanneem (Heering, 1969:127).

Etiese beslissings vra egter meer as net intellektuele kennis, dit vra ook *wysheid*, waarvan die Spreukeboek so vol is en waarvan die ontsag vir God die vertrekpunt is (Spr. 1:7).

### 2.10 Die gebed

Soos wat in die ganse Christelike lewe die *gebed* 'n onmisbare funksie vervul, so mag die gebed ook nie ontbreek wanneer 'n morele keuse gemaak moet word nie (vgl. Rothuizen, 1976). Die gebed gee uitdrukking aan die verbondsverhouding tussen God en mens, dit is 'n erkenning van God, dit is gesprek met God, dit is 'n ontmoeting met God, dit is oorgawe aan God. Dit is die noodsaaklike geloofsreaksie van die kant van die mens op die genade van God in Jesus Christus.

Rondom die morele keuse ontvang die gebed natuurlik 'n bepaalde toespitsing, omdat spesifiek gebid word dat die wil van die Here geken mag word, dat sy Woord reg vertolk en die werklikheid reg ontleed mag word, en dat sy Gees die regte leiding mag gee.

"Vra, en vir julle sal gegee word", het Christus belowe (Matt. 7:7), maar dan moet verreken word dat hierdie bede in *sedelike* konteks staan, dit wil sê binne die raamwerk van naasteliefde (vers 9-12). Dit is dus nie 'n bede wat oor alle moontlike wense en verlangens handel nie, maar oor die wense en verlangens ten opsigte van naasteliefde (Rothuizen, 1976:80). Dit is van die uiterste belang dat ons in ons gebede dinge van God sal vra wat *volgens sy wil* is (1 Joh. 5:14; vgl. Joh. 9:31). God verhoor nie ons gebede as ons aan sy gebooie ongehoorsaam is (1 Joh. 3:22), of as ons hande met bloed bevlek is (Jes. 1:15), of as ons onvergeeflik teenoor ons naaste is (Mark. 11:25), of as

ons onheilige bedoelings het (Jak. 4:3), of as ons swak huweliksverhoudinge het nie (1 Pet. 3:7).

Die gebed het groot krag en mag by etiese beslissings nooit nagelaat word nie.

## 2.11 Die keuse

Noudat dit alles gesê is, bly daar nog een laaste en beslissende stap oor en dit is dat daar 'n welbewuste *keuse* gemaak moet word. Dit is uit bostaande hopelik duidelik dat so 'n keuse nie altyd maklik sal wees nie, aangesien dit deur 'n magdom van komplisereende faktore omring word, maar daar moet *gekies* word. Dit is nie voldoende om al die relevante direktiewe en determinante sover moontlik te verantwoord, maar dan in gebreke te bly om 'n duidelike keuse te maak nie. Die keuse mag nie vermy word nie. Soos wat daar gekies moet word òf om die Here òf om afgode te dien (Jos. 24:15), so moet daar ook op morele gebied tussen goed en kwaad gekies word.

So 'n keuse mag natuurlik aanstoot gee en konflik oproep, maar mag nie daarom vermy word nie. 'n Christen moet die moed hê om, as dit nodig is, alleen te staan. Gewoonlik word daar van die gedagte uitgegaan dat die Christelike etiek met 'n harmoniemodel en nie met 'n konflikmodel opereer, maar so 'n vertrekpunt, hoe lofwaardig die bedoeling ook al mag wees, veral vir die sosiale etiek, gaan nie volledig op nie. "Hy wat sy pa of ma liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie", het Christus gesê (Matt. 10:37; vgl. 19:29). Wanneer daar gekies word om Christus na te volg, nie net op die sogenaamde "godsdienstige" terrein nie, maar in die volle lewe, dus ook waar morele keuses gemaak moet word, sal ons genoodsaak wees om soms téén pa of ma, téén seun of dogter, téén owerheid of onderdaan, te moet stelling inneem. Dit is waar dat Christus in sy genade gemeenskap onder mense stig, maar dit is ewe waar dat Hy ook verdeeldheid bring wanneer die bose hom in sy vernietigende mag openbaar (Matt. 10:34). Natuurlik is die intensie van so 'n keuse téén iemand juis om te behou en weer gemeenskap te stig en nie om verdeeldheid te bestendig nie. Dit gaan immers nie om 'n afwysing van die *persoon* nie maar om 'n afwysing van die *sonde* in die persoon ten einde die persoon te behou (Van Wyk, 1986:215).

## 2.12 Gemeenskaplike keuse

'n Morele keuse is dikwels 'n individuele keuse, maar hoef dit nie in alle gevalle te wees nie. In baie gevalle moet die individuele oorweging en keuse aangevul word met

kollektiewe advies en keuses, in watter geval die *kerk* 'n baie belangrike funksie in die Christelike etiek (kan) vervul. Wanneer by morele keuses gesoek word na die wil van God, dan moet in berekening gebring word dat kennis van hierdie wil nie net aan individue geskenk word nie, maar ook aan die kerk as volk van God en liggaam van Christus. Nie sonder rede nie skryf Paulus in Efesiërs 3:18 dat ons "*saam met* al die *gelowiges* moet begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek". Hierin is die waarde van sinodale uitsprake geleë.

Christelike etiek word in 'n groot mate deur die Christelike gemeente gefatsoeneer en gemodelleer. Daarom is etiek *koinonia-etiek* (vgl. Lehmann, 1963; Birch & Rasmussen, 1989:103, e.v.). Die kerk bied beskerming teen oormatige individualisme. Dit is uiters wenslik dat gemeentes en kerkgemeenskappe oor bepaalde teologiese en etiese vrae sal saamkom, saam sal beraadslaag en saam sal besluit (vgl. Hand. 15). Die opvallende van die gebeure in Handelinge 15 is dat nòg Petrus nòg Paulus as apostels die saak van die besnydenis individueel besleg het, maar dat gelowiges uit die twee gemeentes van Antiogië en Jerusalem saam daaroor beraadslaag en besluit het.

Die haglike en tragiese van die moderne situasie is egter dat die verskeurde kerklike verhoudinge die oplossing van morele vrae nie net uiters geproblematiseer het nie, maar ook individuele lidmate grootskaals verwar en frustreer het en daarmee 'n vrye hand aan die bose gegee het. Wat is immers die waarde van kerklike uitsprake oor morele sake as verskillende kerkgemeenskappe mekaar daarin weerspreek, as sommige homoseksuele praktyke en selfs homoseksuele huwelike aanvaar, en ander dit verwerp, as sommige kontraseptiese middele aanvaar en ander nie, as sommige apartheid goedpraat en ander dit as sonde beskou? Met skaamte moet erken word dat die sonde van kerkverskeurdheid die soeke na morele waarhede verlam en benadeel. Hierdie tragiese werklikheid onthef egter nie elke kerkgemeenskap van die verantwoordelikheid om te soek, en waar moontlik met ander kerkgemeenskappe sáám te soek, na die wil van die Here ten opsigte van die wisselende morele vrae nie. Dit is wenslik dat kerke en sinodes op 'n verantwoordelike wyse oor morele vrae sal besin en uitsprake sal doen, maar hulle behoort deeglik rekening te hou met die voorlopige aard van hulle besluite, sodat die besluite eerder die karakter van pastorale adviese as rigoristiese voorskrifte behoort te dra.

## 3. KONKLUSIE

Ek is maar te deeglik bewus van die voorlopigheid van hierdie poging om tot helderheid te kom oor vrae rondom 'n morele keuse. Skerper aandag sou byvoorbeeld gegee

kon gewees het aan die *mag van die bose*, die versoeking van Satan en die effek van die sonde - iets wat in die Christelike etiek eintlik 'n vanselfsprekendheid is. Aandag sou ook gegee kon gewees het aan ander aspekte, soos *tragiek* (Ridderbos, 1975:152-159; Gustafson, 1981:332,341), *kompromis* (Douma, 1980:136; Ridderbos, 1975:136-151), *kollissie* (Douma, 1980:120-129; Ridderbos, 1975:121-135; Buys, 1976), asook aan die aspek van *humor* in die etiek. Ek laat dit egter daar aangesien die artikel dan te lank sou word.

Om te lewe, beteken om (tussen goed en kwaad) te onderskei, om te kies, om te doen. Gelukkig is hy wat dit alles kan doen in die lig van die Woord van God en onder leiding van die Gees van God. Gelukkig is hy wat die wil van God ken en die dinge kan onderskei waar dit werklik op aankom (Rom. 2:18, 12:2; Fil. 1:10). En gelukkig is hy wat die wil van God doén (Matt. 7:21).

## 4. BIBLIOGRAFIE


BANANA, C. 1981. The Gospel according to the ghetto. Salisbury (Harare) : Mambo.

BIRCH, B.C. & RASMUSSEN, L.L. 1989. Bible and Ethics in the Christian Life. Minneapolis : Augsburg.

BLOOM, J.B. 1986. Black South Africa and the disinvestment dilemma. Johannesburg : Ball.

BUYS, P.W. 1976. Die botsing van pligte as etiese vraagstuk. Potchefstroom : PU vir CHO.

BUYS, P.W. 1988. Skrifgesag en Skrifberoep in die Etiek. *Koers*, 53(3):426-446.

BROWN, D. 1980. Ethics and the Christian. Oxford : Basil Blackwell.

DOUMA, J. 1980. Verantwoord Handelen: Inleiding in de christelike ethiek. Amsterdam : Ton Bolland.

DU PLESSIS, L. 1988. Tien perspektiewe: gesprekke oor die toekoms. Kaapstad : Tafelberg.

DUVENAGE, B. 1981. Roeping en Wetenskap: Handleiding vir Wetenskapsleer. Potchefstroom : Pro Rege.

ESTERHUYSE, W.P. 1989. Broers buite hoorafstand - Skeiding van die kerklike weë. Kaapstad : Tafelberg.

GUSTAFSON, J.M. 1968. Moral discernment in the Christian life. (*In* Outka, G. h. & Ramsey, P. (*reds*.). Norm and context in Christian ethics. New York : Scribner's, p. 17-36.)

GUSTAFSON, J.M. 1970. The place of Scripture in Christian Ethics: A Methodological study. *Interpretation*, 24:430-455, Oct.

GUSTAFSON, J.M. 1981. Theology and Ethics. Oxford : Basil Blackwell.

GUSTAFSON, J.M. 1984. Ethics and Theology 2: Ethics from a Theocentric Perspective. Chicago : The University of Chicago Press.

HEERING, H.J. 1969. Ethiek der Voorlopigheid. Nijkerk : Callenbach.

HEYNS, J.A. 1989. Die vraag na norme vir moraliteit. *Skrif en Kerk*, 10(2):146-154.

HIGGINSON, R. 1988. Dilemmas: A Christian Approach to Moral Decision-Making. London : Hodder & Stoughton.

HOEK, J. 1987. Het gezag van de Schrift in de ethische vragen van vandaag. *Theologia Reformata*, 30(2):132-146, Juni.

HOLMES, A.F. 1984. Ethics: Approaching moral decisions. Leicester : Intervarsity Press.
HUG, J.E. (SJ). 1985, Christian moral discernment (*In* Hug, J.E. (*red.*). Tracing the Spirit. New York : Paulist Press, p. 279-305.)
KIRK, A. 1987. God's Word for a complex world: Discovering how the Bible speaks today. Basingstoke (London) : Marshall Morgan & Scott.
LEHMANN, P. 1963. Ethics in a christian context. New York : Harper & Row.
LEROY LONG, E. 1982. A survey of recent Christian ethics. New York : Oxford University Press.
MAGUIRE, D.C. 1978. The moral choice. New York : Doubleday & Company.
NGCOKOVANE, C.M. 1988. Economic Sanctions: The only remaining non-violent means to dismantle apartheid. *Journal of Theology for Southern Africa*, 62:53-61, March.
O'DONOVAN, O. 1986. Resurrection and moral order: An outline of evangelical ethics. Leicester : Inter-Varsity Press.
OGLETREE, T.H. 1985. The use of the Bible in Christian Ethics: A constructive essay. Philadelphia : Fortress.
OVERDUIN, J. 1967. Worden als een man: Over de geestelijke volwassenheid. Wageningen : Zomer & Keuning.
RIDDERBOS, S.J. 1975. Ethiek van het liefdegebod: Compromis: Tragiek. Kampen : Kok.
ROTHUIZEN, G.Th. 1976. Ethiek en gebed: Een crisis. Kampen : Kok.
STOB, H. 1978. Ethical Reflections: Essays on moral themes. Grand Rapids : Eerdmans.
VAN DER WALT, B.J. 1990. Norm - middel- doel: oor 'n radikale ommekeer in die ekonomiese orde. (*In* Venster op die sakewêreld: Perspektiewe op bestuursetiek. Potchefstroom : PU vir CHO/IRS.)
VAN WYK, J.H. 1984. Etiek van Vrede: 'n Teologies-etiese evaluering van die Christenpasifisme. Stellenbosch : Cabo.
VAN WYK, J.H. 1986. Gesindheid en Gestalte. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
VERHEY, A. 1984. The Great Reversal: Ethics and the New Testament. Grand Rapids : Eerdmans
VERKUYL, J. 1982. De kernbegrippen van het Marxisme/Leninisme: Met een proewe tot evangelisch commentaar. Kampen : Kok.
WIECHERS, M. 1988. 'n Politieke idiotikon vir Suid-Afrika. Kaapstad : Tafelberg.